geval van Akasias kan die houer dus effens groter, dieper en wyer wees as wat normaalweg voorgeskryf word sodat dit meer grond kan hou vir 'n kragtige wortelstelsel.

Apiesdorings groei geil en vereis in die algemeen groter houers as Knoppiesdoring en Swartapiesdoring, wat nie so geil groei nie.

Potte in dowwe kleure soos bruin en grys pas goed aan by Akasias.

Die vorm van die potte gaan ten nouste saam met die styl van die boom. So byvoorbeeld verton Pierneefstyl goed in 'n groterige ronde bak. Vir die ander style kan ovaalvormige en vierkantige bakke gebruik word.